Leeuwenveld Voortrekkers

Strategiese Plan 2023-2027

Begronding

Die grondslag van Die Voortrekkers is God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die Skepping.

Mededingende voorsprong

(Wat doen Die Voortrekkers die beste?)

1. Karakterontwikkeling
2. Leierskapsontwikkeling
3. Vaardigheidsontwikkeling

Die Voortrekkers se visie vir 2023-2027

(Waarheen is ons Beweging op pad?)

Om 'n Christelike waardestelsel by jongmense te versterk en om hulle toe te rus met vaardighede en kennis om 'n verskil in 'n snelveranderende wêreld te maak.

Die Voortrekkers se strategie vir 2023-2027

(Hoe kom ons daar?)

Gemeenskapsbetrokkenheid: Deur gemeenskapsbetrokkenheid wil Die Voortrekkers 'n verskil in die gemeenskap en in die land maak deur projekte aan te pak, na mense en instansies uit te reik en netwerke te skep.

Sigbaarheid van Die Voortrekkers: Verhoog die sigbaarheid van Die Voortrekkers deur sosiale media, kommunikasie, projekte, bemarking en gemeenskapsbetrokkenheid om die beeld van 'n dinamiese organisasie te skep sodat Die Voortrekkers na alle gemeenskappe uitgebrei kan word.

Rentmeesterskap: Die Voortrekkers is rentmeesters en bestuur wat aan Die Voortrekkers toevertrou is met verantwoordelikheid om volhoubaarheid te verseker.

Outomatisering: Die benutting van tegnologie tot voordeel van Die Voortrekkers deur prosesse te outomatiseer en te verbeter om die organisasie meer vaartbelyn en organisatories effektief te maak.

Toerusting van volwassenes: Die ondersteuning, opleiding en motivering van die volwassenes om hulle toe te rus met kennis en vaardighede om die nodige leiding aan die jeug te kan gee.

Leeuwenveld Voortrekkers se visie

(Hoe ons gebied gaan lyk.)

Voortrekkers vir Voortrekkers

Dit beteken om 'n gemeenskapsgerigte gebied van Die Voortrekkers te wees wat deur unieke en uitnemende ervarings die Voortrekkerjeug help en ondersteun om afgeronde volwassenes te word. Dit is ons strewe om hierdie besondere belewenis vir elke Afrikanerkind in ons gebied aan te bied.

Doelwitte

(Hoe Leeuwenveld Voortrekkers se visie bereik gaan word.)

1. Om in ons volwassenes se ontwikkeling en groei te belê.

1.1 Beplan standaard opleiding na gelang van behoefte en bied dit aan.
1.2 Verskaf vakopleiding aan Offisiere.
1.3 Verskaf hulpmiddels vir moeilike vakke.
1.4 Bied opleiding vir kommandodagbesture en kampleiers aan.
1.5 Bied opleiding vir die bestuur en aanbieding van GGA's en GGN'e aan.
1.6 Kommunikeer wysigings aan die reglemente, vorms en ander beleidsdokumente aan kommando's.
1.7 Verskaf mentorskap aan bestuurslede.
1.8 Ontwikkel vlak 5-leierskap deur leierskapsopleiding.

2. Om diens van 'n uitnemende gehalte aan ons lede te lewer.

2.1 Help spanne en jeugrade om effektief te funksioneer.
2.2 Verskaf effektiewe ondersteuningsdienste vir die Voorslag- en Presidentsverkenner-proses.
2.3 Bied gebiedskampe, -aktiwiteite en -naweke van 'n uitnemende gehalte aan.
2.4 Bied spesialisasies van 'n uitnemende gehalte aan.
2.5 Gebruik kundiges van binne en buite Die Voortrekkers.
2.6 Gee erkenning aan lede.

3. Om 'n unieke identiteit te skep en te ontwikkel.

3.1 Skep 'n gedeelde identiteit gegrond in ons gedeelde geskiedenis, simbole en kultuur.
3.2 Bevorder die ryk Afrikanergeskiedenis van die gebied onder Die Voortrekkers.
3.3 Gebruik gebiedseie heldefigure as rolmodelle.
3.4 Moedig die gebruik en dra van Voortrekkerdrag en gebiedsimbole aan.
3.5 Ontwikkel en loods strategiese bemarkingsveldtogte.

4. Om eenheid en samewerking in die gebied te bevorder.

4.1 Kruisbywoning van aktiwiteite soos GGA's, GGN'e, projekte ens. deur kommando's.
4.2 Bevorder samewerking tussen kommando's en Staatmakers.
4.3 Gereelde kommunikasie tussen kommando's en bestuur.
4.4 Bied gedeelde geleenthede aan.
4.5 Skryf saam aan die gebied se storie.
4.6 Belyn standaard prosedures binne die gebied.
4.7 Ontwikkel 'n positiewe gesindheid teenoor Voortrekkerprosesse en -strukture.
4.8 Skep 'n samehorigheidsgevoel onder (veral) leiers.
4.9 Betrek kampleiers in prosedures en strukture.

5. Om Voortrekkers volhoubaar te bedryf en uit te brei.

5.1 Effektiewe finansiële bestuur deur die gebiedsbestuur en kommandobesture.
5.2 Raak by nasionale komitees en taakspanne betrokke.
5.3 Identifiseer alternatiewe inkomstestrome en ontgin dit.
5.4 Stig kommando's, veldkornetskappe, Staatmakergroepe en spanne waar die behoefte ontstaan.

6. Om 'n verskil in ons plaaslike gemeenskappe te maak.

6.1 Bewaar Afrikanererfenisterreine en -monumente in die gebied.
6.2 Verleen diens aan die gemeenskap.
6.3 Raak betrokke in die gemeenskap en neem leiding waar dit kan.